**Die familiegeskiedenis van Adam**

**Gen 5:1-32**

**4 Junie 2023**

1. Vantevore: Die nageslag van Kain was tipe van nageslag van die duiwel – hulle het God se algemene genade beleef, maar het steeds dieper in sonde geval en vertroue in hulleself gestel. Die nageslag van Set, 'n ander nasaat in Abel se plek, was tipe van die nageslag van die vrou. Hulle het hulle hoop op God geplaas, en Sy Naam aangeroep.
2. Tweede toledot: Die familiegeskiedenis van Adam – Gen 5:1-6:8
    a. Deel 1: Geslagsregister van Adam tot Noag (Gen 5:1-32)
    b. Deel 2: Toename van boosheid op die aarde (Gen 6:1-8)
3. Inhoud en boodskap van die geslagsregister van Adam (Gen 5:1-32)
    a. Fokus op nageslag van Adam oor Set (Abel is dood, Kain se nageslag sal nie die Een oplewer uit die nageslag van die vrou nie) – vgl Luk 3:23-38
    b. Inleiding tot geslagsregister (Gen 5:1-2)
        - Man en vrou is na God se beeld geskep (Gen 1:26-28, vgl Ef 4:24, Luk 3:38)
        - Sondeval het effektiewe weerspieëling van beeld benadeel
    c. Herhalende beskrywing van 10 geslagte (Gen 5:3-31)
        - Mense het op hoë ouderdom gesterf
        - Mense het op hoë ouderdom kinders verwek
        - Almal het gesterf (vgl Gen 3:19)
            - Behalwe Henog – leef naby God, word relatief jonk weggeneem (vgl Gen 6:9, Gen 24:40, Heb 11:5)
        - Noag sal troos bring te midde van die geswoeg (vgl Gen 3:17-19)
    d. Boodskap uit die geslagsregister van Adam oor Set
        - Oorvloed van lewe: baie geslagte, baie per geslag, lang lewens, een wat nie sterf nie – dus hoop op ewige lewe
        - Maar almal (behalwe een) sterf na baie jare van swoeg – smag na troos
4. Uitdagings rakende Gen 5
    a. Uitdagings: (1) Jaartalle verskil tussen grondtekste (2) Antieke beskawings ouer as 6000 jaar (3) Paleontoloë redeneer mensdom is ouer as 6000 jaar
    b. Verantwoordelike lees van geslagsregisters:
        - Nie alle geslagsregisters is volledig nie (Mat 1:8 vs 2 Konings, Eks 6:15-19 vs 1 Kron 7:23-27)
        - Doel met geslagsregisters is nie om lengte van periode aan te dui nie
        - Gerangskik met ander doel (vgl Rom 5/11 met Mat 1:17)
        - Doel van geslagsregisters is (1) om verwantskap tussen voorvader en afstammeling aan te dui (2) kontinuïteit te gee gedurende periodes waar daar nie narratief is nie
    c. My respons op bogenoemde uitdagings:
        - Ek aanvaar Masoretiese teks se getalle
        - Vanaf Gen 2:4 het ons geskiedenis beskrywings – Adam en Eva was eerste mense en alle mense stam van hulle af
        - Daar kan meer geslagte wees as wat genoem word in geslagsregisters
        - Verdere werk in bestudering van geslagsregisters en paleontologie kan moontlik verskille verklein